# 11 *Sondag*

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 14 EN 15**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 14:4**

## Die Here se genade en oordeel

In die persoon van Simson stuur die Here 'n redder na sowel sy eie volk as na die heidene. Simson, die simbool van toewyding aan die Here, wil met 'n Filistynse meisie gaan trou.

Op pad val 'n leeu hom en sy ouers aan. Die leeu was die simbool van die Filistyne se beskermgod. Die goddeloosheid bied weerstand teen God se lig. Simson se naam beteken "soos die son". Die Here wys dat toewyding aan Hom sterker is as heidense weerstand.

Wanneer Simson op pad is na sy troue, haal hy heuning uit die leeu se karkas. Hy maak 'n raaisel daarvan. Blykbaar was die antwoord op 'n raaisel die manier hoe jy by die "leeu-beskermgod" van die Filistyne moes verbykom.

Nou is die bordjies verhang. Die Filistyne moes by die leeu van God uit die stam van Dan verbykom (vgl. Deut. 33:22). Die Filistyne gebruik Simson se bruid om die oplossing vir die raaisel te kry. Sy moes as bruid haar aan haar bruidegom toewy, maar sy laat haarself deur die heidendom wegtrek! Sy verloën haar redder.

Die kerk mag nie toelaat dat die goddelose wêreld haar verlei nie. Sy moet haar redding in haar Bruidegom, Jesus Christus, vind.

Wat is die raaisel en die antwoord? Wat is soeter as heuning? Natuurlik is dit God se Woord! Wat is sterker as 'n leeu? Natuurlik is dit God se leeu, Simson, maar uiteindelik Jesus Christus, die leeu uit die stam van Juda.

*Sing: Psalm 36:1, 2*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*